

2014 Winterskool Artikel

Waar begin 'n mens wanneer jy een van jou beste ervarings wil beskryf? Daar is net soveel om te vertel van hierdie kamp, maar ek het tog so min woorde. So laat ek maar begin.

Ek wou nou al vir 'n hele paar jaar lank na die kamp toe gegaan het, maar elke keer was ek te bang dat ek die enigste meisie gaan wees. Gelukkig het Tyla Sissons die jaar tot my redding gekom. Ons twee het saam besluit om die kamp by te woon en ek is nie vir 'n oomblik spyt daarvoor nie. So het die tyd aan gebreek om te begin pak en alles reg te kry om te gaan, opgewonde begin nie eers beskryf hoe ek gevoel het nie. Toe ek op die plaas aankom was die seuns klaar besig gewees om hul slaapplek vir die week op te slaan. Daar was gelukkig 'n paar bekende gesigte gewees. Oom Hennie Erasmus het die kamp aangebied en Johan (sy seun) en Naude was sy twee kampkommendante gewees. Marta was die vrou wat elke dag vir Johan gehelp het om vir ons kos op die tafel (of altans ons skoot) te sit en vir ons skottelgoed te was.

Die kamp reëls was sommer al vroeg aan ons voorgele en Renier het ook baie mooi aan ons verduidelik hoe jy 'n toilet moet gebruik. Oom Hennie het gelukkig seker gemaak ons is veilig deur om vir Justin (die een wat van Mensvreterberg af kom) 'n masker vir sy mond te gee. Ons het al op die eerste dag leer pyl en boog skiet (iets wat ek nog nooit van tevore gedoen het nie).

Die aand om die kampvuur was amper soos ons eie tipe "apartheid" gewees, die seuns aan die eenkant van die vuur en die meisies aan die ander. Oom Hennie het ons gereeld om die vuur met stories en grappies vermaak. "Renier maak vuur" het elke dag seker gemaak daar is n vuur wat brand (al laat val hy per geleentheid stompe op mense se koppe). Ons is in vier groepe verdeel, die 3 Man Wolf Pack, die Ratels, The Pack en Safari 4 (my groepie) en sommer dadelik begin met kersskiet. Die konsep is 'n bietjie verkeerd verstaan deur 'n paar van die seuns, veral Vannas, Jannes en Janneman en die kerse verwoes. Oom Hennie en sy kampkommendante het gedink ons gaan deur die loop van die week al hoe minder raak om die vuur as dit later raak, maar ek dink ons het dit reg gekry om hulle 'n verkeerd te bewys. Dit het tog met die prys gekom dat ons die volgende dag so hier en daar begin visvang het gedurende die lesings.

Ons het ook geleer hoe om met 'n haelgeweer te skiet en die etikette van voëlslag. Stefan het die beste gevaar in die kleiduif skiet. 'n Paar van ons het ook die voorreg gehad om met 'n swart kruit geweer (voorlaaier) te skiet. Ons het ook geleer om te slag, die vleis te verwerk en om n "cape" te slag en het nog baie ander interessante aktiwiteite belewe.

Daar was nog baie aktiviteite op die program gewees, maar vir my was daar meer tot die kamp as die program, die dinge wat tussenin gebeur het, het dit op die ou einde die lekkerste gemaak.

Al het Aneska (Liewe Heksie) die kommandante gas gegee, het hulle haar vining uit gesorteer deur haar twee keer in die dam te gooi, eers voete eerste en toe kop eerste. Maar tog moet ek se dat sy definitief 'n bok vir sports is. Die manier van opstaan kan met geen ander vergelyk word nie. Naude het op 'n "spesiale pot" geslaan met 'n lepel en seker gemaak ons word wakker. Oom Hennie se bekende woorde: " Word wakker word wakker, die dag word al k@*#*r " het ook soms tevore gekom.

Oom Hennie het ons ook verder geslyp vir moontlike veld ervarings en onderandere verduidelik wat gedoen word as jy dalk n buffel in die veld raak loop wat jou wil dek – dit werk so - moet nooit jou oë van hom af haal nie en gee een tree na regs en 'n tree terug, herhaal todat jy veilig is (die tree na regs is om te sorg dat jou skoene skoon bly). Naude het ons besig gehou deur om ons te leer hoe om deur 'n besem te klim, Boeta het weer sy eie idees gehad van hoe om dit te doen. Dan nog nie eers gepraat van die nagmars nie. Janneman het daardie dag sommer al vroeg besluit dat sy hoed nie genoeg ventilasie het nie en dat hy 'n paar haalgeweer gaatjies daarin wil hê (dit is wat gebeur as jou hoed van die bakkie af waai). Die Ratels het heel eerste aangekom en nadat ons tweede geindig het, het Boeta ook sy sin gekry om in die veld te slaap. Die pad terug sou baie koud gewees het, maar gelukkig het ons 'n plan gemaak.

Die heel laaste dag was die tyd vir jag. Gert Eden het die heel eerste bok van die dag geskiet, maar ek, Tyla en Aneska het ongelukkig nie die voorreg gehad nie (maar dit is hoe jag werk). Ek wil net graag vir oom Achiem bedank dat hy die volle ses ure saam my deurgebring het en die Noord- Kaap Jagters Vereniging kommitee wat die kamp so onvergeetlik gemaak het.

Daar is nog soveel om te sê oor die kamp en soveel stories om te vertel, maar ek moet ongelukkig erens ophou. Ek wil afsluit deur om spesiaal vir oom Hennie te bedank vir die lekker kamp, sy spesiale manier het dit n onvergeetlike ervaring gemaak en ons wonder nog steeds of ons nege jaar oue vleis geëet het. Geen week sal ooit met daardie een vergelyk kan word nie. Aan almal wat daar was, onthou om altyd koffie te maak met 'n bietjie liefde en nie met 'n bietjie sout nie.

Jonica Oosthuizen